



PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za

Uitgawe 5/3/2020

4 Sept 2020

Uit die Kantoer ...

Verlede Vrydag se lentedag (Groep 2) met die tema "Olimpiese Spele" het glimlagte op die leerders se gesigte geplaas en ons vertrou dat vandag (Groep 1) dieselfde uitwerking sal hê. (foto's van beide dae sal binnekort ook op Facebook te siene wees). Soos die afgelope paar jaar was 1 September egter nat en koud, maar dit gaan beslis nie ons Tjokkie-familie se entoesiasme vir die res van 2020 demp nie. In 'n Artikel van 29 Augustus 2018 op Network 24, skryf Hannes Noëth die volgende oor die kosbare boodskap van Lente.

"Dit is 'n groot lekkerte as die seisoen begin draai en jy besef jy is nou nader aan die lente as aan die winter. Baie mense hou van winter en so het elke seisoen sy aanhangers, maar die lente is 'n lekkerte omdat 'n mens sien hoe alles verander. Skielik hang 'n blommegeur in die lug, jy sien kleure - jy weet en voel die winter gaan verby."

Mag die aanbreek van lente ons opnuut vul met nuwe krag, nuwe denke en 'n positiewe uitkyk op ons huidige situasie. Mag elkeen van julle ook blom ongeag die omstandighede wat ons daaglik moet trotseer.

Somersdrag (Herhaal)

Ek het in verlede week se nuusbrief genoem dat daar tradisioneel vanaf 1 September oorgeskakel word na somersdrag. Ons het as gevolg van Covid-19 en die koue winter die vergunning gemaak dat leerlinge gedurende die wintermaande met sweetpakke skool toe kon kom. Ongelukkig kan ons nie met hierdie reëling voortgaan nie. Leerders moet steeds leer om hul skooldrag te respekteer en dit skep 'n gevoel van samehorigheid en selftrots wat belangrik is in die ontwikkeling van 'n kind. Ons wil dit nie graag laat verlore gaan nie.

Die volgende uitsonderings word wel toegelaat vir die res van die jaar:

*Leerders mag steeds op Vrydae hul feeshemp saam met 'n navy sportbroekie (seuns) of denimbreek (dogters) dra. Tekkies en netjiese plakkies is ook toelaatbaar vir dogters.

*Dae wanneer klasse liggaamlike opvoeding het, kan sportklere gedra word.

*Spesiale uitsondering vir Gr. 7-leerders wie se skoolklere te klein is, kan met 'n toestemmingsbrief van die hoof (epos versoek na office@tjokkiesco.za) sportklere dra vir die res van 2020.

NB: Indien dit egter vir die volgende twee weke baie koud gaan wees, kan leerders steeds tot 15 September met sweetpakke skool toe kom.

PRYSUITDELING 2020

Ouers moet kennis neem dat daar vanjaar GEEN prysuitdelingsfunksie sal plaasvind nie, as gevolg van die feit dat daar min tot geen sport- en kultuuraktiwiteite gedurende die jaar kon plaasvind nie. Die akademiese program is ook verkort weens Covid-19 en daar sal dus ook nie om hierdie rede volwaardige erkenning gegee kan word nie. Enkele leerders sal in aktiwiteite, wat in die eerste kwartaal afgehandel is, wel erkenning op die webblad en in die Tjoklets kry.

Dit is vir ons hartseer dat daar vir die eerste keer in 50 jaar geen prysuitdeling by Tjokkies sal wees nie. Ongelukkig moes ons hierdie moeilike besluit neem.

LEIERS 2021

Graad 6-ouers en leerders sal binnekort 'n inligtingsbrief rakende die besluit oor leiers vir 2021 ontvang.



KENNISGEWING - Middagstudie

Ouers van leerders wat van die skool se middagstudie-fasiliteite gebruik maak, moet daarop let dat die tarief vir die oorblywende maande (insluitend Desember) nou R250 per maand sal wees, aangesien geen gelde vir Julie en Augustus verhaal was nie.

Betaling kan via Karri gedoen word.

GR. 1 OPEDAG

Nuwe Gr. 1 leerders vir 2021 en hul ouers moet kennis neem van die Gr.1 Opedag wat nou sal plaasvind op Saterdag, 3 Oktober, vanaf 10:00-12:00. Meer inligting volg later.

UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR:

Sien asseblief die belangrike aangehegte dokument rakende 'n gulde geleentheid vir u besigheid.

VERJAARSDAE:

Die volgende personeel verjaar in die komende week. Baie geluk!

9 Sept. Juf. Chantal Janse van Rensburg. (Gr. 1)

10 Sept. Juf. Leonie Corbett (Gr. 7)

SNUFFELS

Vind aangeheg by die nuusbrieff 'n inligtingsbrief van **Compu IQ**. Dit is 'n maatskapy wat in opvoedkundige sagteware spesialiseer. Tjokkies ondersteun hulle al vir etlike jare. Daar is 'n skakel op die inligtingsbrief waarop u kan klik indien u belangstel om hul te ondersteun. Gaan loer gerus.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

